Gmail

Mike Bolhuis <mikebolhuis1@gmail.com>

Kwêla-voorskou: Woensdag, 1 Februarie

Mon, Jan 30, 2017 at 12:15 PM

Hallo julle

Hierdie week bring Kwêla jou weer stories wat jou hart warm sal laat klop. Moet dit nie misloop nie; **Woensdag** om 20:30 op kykNET (DSTV), kanaal 144.

https://youtu.be/j8ilr-Rn_o0

Ons ontmoet die twaalfjarige klavierwonderkind, Q'DEN BLAAUW.

Hannes gaan kuier aan huis by die berugte privaatspeurder, MIKE BOLHUIS.

Ons gesels met CHRISTENE BUCHANON en LOUIZA RADEMAN, oor OH LIEF... hulle organiese velsorgprodukte vir babas.

Km meer te hore oor die sielkunde van liefde op realiteitsprogramme met 'n paartjie wat geluk gevind het op *Boer Soek 'n Vrou*, GERRIE EN CARNA, en die verhoudingsielkundige, ELNA MCINTOSH.

En sluit af met 'n kuier in die Koue Bokkeveld by die skrywer van ons Boek van die Maand, die olyfboer JOHN MILES.

Dit is een wat jy beslis nie wil misloop nie, en dit alles gebeur **Woensdag** om **20:30** net op KWÊLA!

Kwêla-herhalings is as volg: Donderdae, 15:30; Vrydae, 10:00; Saterdae, 18:00; Sondae, 13:00 en Maandae om 08:30.